**Dinsdag 1 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 55:1-9 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 55:5**

## ’n Hart in benoudheid vasgevang

Miskien voel u tans bedreig deur mense. U is in omstandighede vasgevang, te moeilik om te hanteer. Jy soek oral om hulp, en besef uiteindelik daar is niemand wat jou nood verstaan en oplossings kan bied nie. Dan word ’n gelowige se hart in benoudheid vasgevang en jou sorge gee jou geen rus nie.

Dawid het so ’n tyd van vervolging beleef. Hierdie Psalm kan wys na die tyd in 2 Samuel 15 – 17 toe sy seun Absalom in opstand teen hom gekom het en Agitofel, sy adviseur, hom verraai het. Hy vlug uit Jerusalem en vat sy gevoel saam met die woorde: “My hart krimp inmekaar in my, doodsangs oorval my …” Hy neem dan sy toevlug tot God en bid om sy redding, want God is die Een wat hom nog telkens gered en bewaar het.

In sulke tye vind jy alleen by God jou troos. Praat met God oor jou nood en stort jou hart voor God uit. Hy sal soos by Dawid op sy tyd instap en redding bring. Daar was net Een wie se pleitroepe die Vader geïgnoreer het, en dit was sy Seun wat aan die kruis moes uitroep: “My God, my God, waarom het U my verlaat?” Jesus was van God die Vader verlaat, sodat Hy deur alles heen wel by óns sal wees.

Al draai baie mense hulle rug op jou, al gaan die lewe skynbaar by jou verby, kan jy weet dat jou naam ná sy kruisiging nog steeds op God se lys gestaan het.

*Sing: Psalm 138:4*

*Dr. JL (Jan) Venter (Emeritus)*